Aanhangsel 2

ADVIESREKORD VIR POLISVERVANGING

(Voltooi asseblief in oorleg met u tussenganger – let daarop dat hierdie nie dien as 'n kansellasie van die polis wat u vervang nie; u moet die versekeraar skriftelik in kennis stel van die kansellasie van 'n polis.)

Naam en van van polishouer

ID-nommer van polishouer (of registrasienommer in geval van regspersoon)

Naam en van van tussenganger

Volle name van FDV (makelaarshuis of versekeraar)

Nuwe polis

Soort polis *(merk asseblief)*		**Polisnommer**	**Versekeraar**
Belegging	Risiko		
Belegging	Risiko		
Belegging	Risiko		

Polis wat vervang word

Soort polis *(merk asseblief)*		**Polisnommer**	**Versekeraar**
Belegging	Risiko		
Belegging	Risiko		
Belegging	Risiko		

Vraag aan die tussenganger – Moet voltooi word indien die vervangde polis 'n beleggingspolis is:

Behels hierdie versekeringsaansoek 'n vervanging van 'n versekeringspolis met 'n herhalende premie wat sal lei of gelei het tot die heffing/aftrekking van 'n beëindigingsheffing van meer as 15% van die fondswaarde van die polis wat vervang is? Verwys na die definisies in Deel 3 van die Langtermynversekeringswet, 1998 (kommissieregulasies). Ja Nee

1. Redes waarom vervanging dalk nie raadsaam is nie

Ons wil graag seker maak dat indien u wel enige polis vervang, u 'n ingeligte besluit neem. Lees asseblief die volgende inligting noukeurig en bespreek dit met u tussenganger.

- U betaal **sommige heffings en fooie twee keer** (bv. kommissie, onderskrywingskoste en ander aanvanklike heffings wat die versekeraar hef) – aanvanklik op die bestaande polis en weer 'n keer op die nuwe polis.
- U kan **hoër premies** (of 'n groter deel van die premie) vir risiko op die nuwe polis **betaal** omdat u nou ouer is of omdat u gesondheidstoestand dalk verander het.
- U nuwe polis kan dalk nie dieselfde **lewensdekking of premiewaarborge** bied as die bestaande polis nie. Gaan die tydperk na waartydens die versekeraar die lewensdekking of ander dekkingsbedrae waarborg voordat hy u premies kan verander of die dekking kan verminder of verwyder.
- U nuwe polis bied dalk nie dieselfde **waarborge vir die beleggingsprestasie** (indien toepaslik) as die bestaande polis nie.
- U nuwe polis kan **meer uitsluitings, beperkings of wagtydperke** hê, veral as u gesondheid verswak het.
- Die bedrag geld wat u uit die nuwe polis kan onttrek, kan minder wees (indien toepaslik). 'n Nuwe polis het gewoonlik regsbeperkings op toegang gedurende die eerste vyf jaar.
- U kan die belastingvoordele van u bestaande polis verloor (indien toepaslik).
- Die afkoopwaarde of opbetaalde waarde van u bestaande polis kan so laag wees soos 65% van die poliswaarde voor die verandering en kan selfs minder wees as die premies wat u inbetaal het, aangesien onverhaalde aanvangsuitgawes eers afgetrek moet word. Gaan na watter heffings u sal betaal by die beëindiging van die ou polis en besluit of die voordele van die nuwe polis sal vergoed vir enige sodanige heffings.
- Die **beleggingsrisiko** van die nuwe polis mag hoër wees. Onthou dat 'n fonds- of beleggingsbestuurder se beleggingsprestasie in die verlede nie noodwendig 'n aanduiding van die toekomstige prestasie is nie.

Aanhangsel 2

2. Redes vir die verandering van polis/polisse

2.1 Het u vasgestel of die bestaande/beëindigde polis gewysig kan word om soortgelyke voordele as die vervangingspolis te verskaf? *Skryf asseblief met duidelike drukletters.*

2.2 Indien so 'n wysiging moontlik is/was, hoekom het u dit as gepas beskou om die beëindigde polis deur die vervangingspolis te vervang? *Skryf asseblief met duidelike drukletters.*

3. Verklaring (verpligtend)

Tussenganger

Ek verklaar dat ek alle redelike stappe gedoen het om te bevestig dat die inligting in hierdie Adviesrekord vir Polisvervanging waar en korrek is. Ek bevestig dat ek in navolging van my advies aan die polishouer om die polis/polisse te vervang wat in die Adviesrekord vir Polisvervanging vermeld word, my pligte nagekom het, soos uiteengesit in afdeling 8 (d) van die Algemene Gedragskode vir Gemagtigde verskaffers van Finansiële Dienste en hulle Verteenwoordigers (die Kode) en 'n opgawe van sodanige advies bewaar het, soos vereis in afdeling 3 van die genoemde Kode.

Naam

Handtekening

Datum D D – M M – **2 0** J J

Polishouer

Ek verklaar dat die tussenganger die gevolge van die vervanging van die polis/polisse wat in hierdie Adviesrekord vir Polisvervanging vermeld word, volledig verduidelik het en dat ek die gevolge van sodanige vervanging(s) verstaan.

Naam

Kontaktelefoonnommer en/of e-pos adres

Handtekening

Datum D D – M M – **2 0** J J